# UNIVERSITEIT VAN DIE **VRYSTAAT**

## 2017
## GRAAD 9 VAKKEUSES

#STUDENTELEWE

# TREK WEG MET
# JOU 'EK-WIL-EENDAG'


www.ufs.ac.za

UFSUV | UFSweb | UFSweb

*Inspiring excellence. Transforming lives.*
*Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.*

UNIVERSITY OF THE
FREE STATE
UNIVERSITEIT VAN DIE
VRYSTAAT
YUNIVESITHI YA
FREISTATA

UFS
UV


BEGIN
SKRYF JOU DROME, DOELWITTE, WAARDES EN PASSIES NEER
DOEN NAVORSING OOR DIE VERSKILLENDE OPSIES
KIES JOU VAKKE IN GRAAD 9 WAT BY JOU DROME EN DOELWITTE PAS
WERK HARD IN GRAAD 10 & GRAAD 11
EINDE VAN DIE JAAR - EKSAMENUITSLAE VIR GRAAD 11 IS NODIG OM BY 'N TERSIÊRE INSTELLING AANSOEK TE DOEN
SKRYF JOU NBT (NASIONALE VAARDIGHEIDSTOETS)
DOEN AANSOEK VIR STUDIES, BEURSE, LENINGS IN GRAAD 12. HOU JOU VAKKEUSES, TOELATINGSVEREISTES EN SLUITINGSDATUMS IN GEDAGTE
NSS-EKSAMEN AAN DIE EINDE VAN GRAAD 12
SLAAG 7 VAKKE WAARVAN 4 50% EN HOËR MOET WEES
TOELATING TOT DIE UV
REGISTREER VIR DIE PROGRAM WAARVOOR JY AANSOEK GEDOEN HET
STUDEER HARD EN SLAAG AL JOU VAKKE VIR DIE VOLGENDE 3 JAAR
DOEN AANSOEK VIR JOU DROOM WERK
DOEN NAGRAADSE STUDIES
KLIM DIE KORPORATIEWE LEER DEUR DEURLOPENDE HARDE WERK EN DEURSETTINGSVERMOË
VOLG JOU BEROEP
KONTROLEER GEREELD OF JOU DROME, DOELWITTE, WAARDES EN PASSIES IN OOREENSTEMMING IS MET JOU BEROEP
EINDE
JOU ‘EK-WIL-EENDAG’ KAN WAAR WORD
DIT IS JOU WERK OM DIT TE MAAK GEBEUR!

# HOEKOM IS DIT SO BELANGRIK OM DIE REGTE VAKKEUSE TE MAAK?

**Weet jy wat die verskil tussen 'n doelwit en 'n droom is? As jy doelwitte kan neerskryf om jou droom te bewaarheid, is jy op die regte pad. Jou drome en doelwitte moet haalbaar wees binne die perke van jou talente, passie en waardes.**

**Wees eerlik met jouself!**

**Dit is nou tyd om jou vakke te kies. Sommige van hierdie vakke is noodsaaklik vir jou naskoolse studies sodat jy in jou droomberoep kan beland. Jy staan voor 'n keuse wat die res van jou lewe sal beïnvloed. Jou besluit sal jou óf vry maak óf inperk.**

**Jy moet die regte kombinasie van vakke kies om jou in staat te stel om aan sekere tersiêre instellings soos die Universiteit van die Vrystaat te studeer. Oorweeg jou opsies versigtig.**

**Doen wyd navorsing oor elke moontlike loopbaanrigting wat jy met jou spesifieke vakkeuse-kombinasie kan volg. Afhangend van die vakpakket wat jou skool aanbied, probeer verskillende kombinasies totdat jy gemaklik en selfs opgewonde oor jou vakkeuses voel.**

## WATTER VAKKE MOET JY KIES?

Jy moet sewe vakke slaag om vir 'n Nasionale Senior Sertifikaat te kwalifiseer.

Die kombinasie van jou vakkeuse moet die volgende insluit:

- Twee tale. Dit is raadsaam om Engels as 'n taal te kies, omdat dit die taal van onderrig by die meeste tersiêre instansies in Suid-Afrika en oorsee is.
- Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid. Maak 'n wyse keuse. Jy het meer studie-opsies met Wiskunde as met Wiskundige Geletterdheid. Dit is waar jou navorsing nou baie belangrik is. Motiveer jouself om ekstra tyd en moeite aan Wiskunde te bestee om jou punte te verbeter. Jy kan dit doen! Daar is wel baie kwalifikasies waar Wiskundige Geletterdheid voldoende is, maar weereens, maak seker, want dit is makliker om na Wiskundige Geletterdheid oor te skakel as om na Wiskunde oor te skakel.
- Lewensoriëntering
- Drie ander keusevakke, afhangend van die vakke wat die skool aanbied.

Hou in gedagte dat vier van die sewe vakke van jou Nasionale Senior Sertifikaat deel moet vorm van die aangewese lys van skoolvakke, soos hieronder gelys. Jy moet ten minste vlak 4 (50%) in elk van hierdie vier vakke behaal. As jy dus met die verwerwing van jou NSS vier van jou sewe skoolvakke uit die gemelde lys van vakke in graad 12 geneem het en 'n minimum prestasievlak van 4 (50%) in elkeen van hierdie vier (4) vakke behaal het, kan jy aansoek doen om aan enige hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika te studeer.

## AANGEWESE LYS VAN SKOOLVAKKE

**Besigheidstudies , Lewenswetenskappe (Biologie / Fisiologie), Toneelkuns, Musiek, Ekonomie, Rekeningkunde, Fisiese Wetenskappe / Natuurwetenskap, Godsdienswetenskap, Geografie / Aardrykskunde, Drie (3) tale (een taal van onderrig en leer soos by 'n hoëronderwysinstelling gebruik, en twee ander erkende taalvakke), Geskiedenis, Ingenieursgrafika en -ontwerp, Inligtingstegnologie, Verbruikerstudie, Landbouwetenskappe, Beeldende Kunste, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid**

**#WENK 1** **#GROEPSDRUK**

**Moenie vakke neem net omdat jy van die onderwyser(es) hou of omdat jou vriend(in) dit neem nie.**

#BLYGEFOKUS

**#WENK 2**

Moenie gespanne raak nie. Bly kalm en fokus op jou doelwitte.

#HOUOPSIESOOP

**#WENK 3**

Hou jou opsies oop, want jy kan moontlik van plan verander.

#BEROEPSKEUSES

**#WENK 4**

Hoe beter jou vakkeuses, hoe meer studie- en beroepskeuses het jy ná graad 12.

#LEKKERKOMBINASIES

**#WENK 5**

Hou jou skool se vakkeuse-pakket in gedagte en neem jou tyd om die regte kombinasie te kies. Nie alle skole bied al die vakke aan nie.

#REALITEITISHIER

**#WENK 6**

Jou vakkeuse moet in ooreenstemming wees met jou vermoëns, talente, persoonlikheid en belangstellings.

#YAYMYBEURS

**#WENK 7**

Hoe beter jy in al jou vakke doen, hoe meer opsies en geleenthede het jy vir beurse.

## WAT KAN JY DOEN OM JOU KEUSE MAKLIKER TE MAAK?

Omdat jou keuse in graad 9 langtermyn-nagevolge het, is dit uiters belangrik dat jy ekstra moeite sal doen om seker te maak dat jy op die regte spoor is en oor niks spyt sal wees nie. Daar is 'n paar dinge wat jy kan doen:

**OPEDAE (SIEN *Kovsies* OPEDAG – 12 MEI 2018)**
Woon opedae van tersiêre instellings by wat programme in jou belangstellingsveld aanbied. Dit is gratis en nuttige inligting word deur akademici en praktisyns aangebied. Nou kan jy bepaal wat die vereistes is en of jou keuse in ooreenstemming is met die program of studierigting. Dit is ook 'n uitstekende geleentheid om te kyk na die studentegees, kampusgeriewe en studentebedrywighede waarin jy mag belangstel. Dit is baie belangrik om voorbereid te wees en 'n lys van vrae op te stel voordat jy gaan. Versamel soveel fakulteitspamflette en programboekies moontlik, sodat jy dit later kan deurgaan. Doen navorsing oor watter tersiêre instelling die beste programme in jou onderskeie loopbaanopsies aanbied.

**SKADUWEEK**
Die meeste skole het 'n skaduweek in graad 10 en 11 om aan jou 'n idee te gee van wat 'n beroep behels. Jy kan vir 'n week as 'n skim in 'n maatskappy optree, wat baie nuttig is om 'n besluit oor 'n beroep te neem. Gesels met mense in daardie betrokke area van kundigheid.

**NAVORSING OOR BEROEPE**
Gebruik die web en lees soveel jy kan oor die beroepe en studierigtings waarin jy belangstel. Daar is nuttige inligting oor vereistes, vergoeding, vooruitgang en geleenthede. Gebruik die tyd om so wyd as moontlik navorsing te doen. Onthou: Kennis is mag. Hoe meer jy weet, hoe meer ingeligte besluite kan jy neem.

**WOON LOOPBAANUITSTALLINGS BY**
Die meeste skole reël loopbaanuitstallings om jou te help voorberei. Tersiêre instellings, besighede en nywerhede stal hulle programme, produkte, dienste en loopbane uit en is baie gretig om hulle kennis met jou te deel. Gebruik die geleentheid om verskillende opsies te ondersoek.

**PSIGOMETRIESE TOETSING**
Tydens 'n proses soos hierdie, verkry jy 'n objektiewe idee van jou aanleg (sterkpunte en swakhede, studievaardighede en gewoontes, ingesteldheid (akademiese, tegniese en administratiewe vaardighede), persoonlikheid en algemene psigometriese toetsing. Die psigometriese toetsing is veranker in 'n omvattende besluitnemingsproses wat die volgende aspekte insluit:

- Versameling van agtergrondinligting en vorige ervaring met betrekking tot vakkeuse
- Selfkennis
- Kennis met betrekking tot spesifieke vakmateriaal
- Besluitneming

Kontak of besoek die UV vir kundige en professionele leiding en vakkeuse-beoordeling:

Eenheid vir Professionele Opleiding en Dienslewering in die Gedragswetenskappe (Epog): +27 51 401 2775 | www.ufs.ac.za/kovsie2b | Facebook ons by www.facebook.com/UFSUV

## ONDERWYSERS SE RAAD

Volgens die Facebook-blad van Huisgenoot se Onderwysers vir Verandering, het onderwysers die volgende raad vir jou:

- Kies vakke wat deure vir jou toekomstige loopbaan kan oopmaak.
- Hou so lank as wat jy kan aan met Wiskunde, maar moenie die gevaar loop om matriek te druip as gevolg van een vak nie.
- Kies vakke wat vir jou uitdagend is en kies minstens een waarvan jy hou en waarin jy goed is.
- Vra meer as een persoon om raad, maar hou jou doelwitte in gedagte.
- Moenie 'n vak kies (of nie kies nie) volgens die onderwyser wat dit aanbied nie. Onderwysers kom en gaan, maar jou keuse sal bly!
- Moenie vakke kies volgens jou ouers of vriende se keuses nie – kyk na jou eie sukses en/of belangstelling in vakke.
- Doen behoorlik navorsing oor die toelatingskriteria van die kursusse waarin jy belangstel.
- Soek vir geleenthede om saam met iemand te werk wat iets doen waarin jy belangstel.
- As jy 'n ekstra vak kan neem, doen dit!

**(Verwysing: Barnard, S. 2013. http://you.co.za/teachers-for-change/grade-9s-how-to-choose-your-subjects-for-next-year)**

**#WENK 8**
**Kry 'n algemene idee van jou beroepskeuse en die verskillende opsies wat dit bied. Hoe meer jy weet, hoe beter is jy ingelig en kan jy die beste moontlike besluit neem.**

### 8 STUDIEWENKE WAT WERK #STUDIEWENKE

1. **Die morestond het goud in die mond – moenie wag tot op die laaste minuut nie;**
2. **Eet die olifant stukkie vir stukkie – werk elke dag aan elke vak;**
3. **Bly vol energie – eet gesonde kos, kry genoeg slaap en oefening;**
4. **Tou-opgooiers wen nooit en wenners gooi nooit tou op nie – glo dat jy dit kan doen;**
5. **Wees voorbereid en sorg dat jy alles wat jy nodig het byderhand het en 'n aangewese studiearea het;**
6. **Toets jouself;**
7. **Geen afleiding– dit beteken geen TV en geen selfoon!**
8. **Netwerk met vriende oor eksamenvraestelle en toetse;**

(Verwysing: Postmatrick. 2014. Gauteng. p24)




www.ufs.ac.za

UFSUV | UFSweb | UFSweb

*Inspiring excellence. Transforming lives.*
*Inspireer uitnemendheid. Verander lewens.*

UNIVERSITY OF THE
**FREE STATE**
UNIVERSITEIT VAN DIE
**VRYSTAAT**
YUNIVESITHI YA
**FREISTATA**

UFS
UV

## UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT – WAAR DROME WERKLIKHEDE WORD

Die Universiteit van die Vrystaat (UV) is een van die oudste hoëronderwysinstellings in Suid-Afrika.

Sy deure is in 1904 op die Bloemfontein-kampus geopen met slegs ses studente in die Geesteswetenskappe. Sedertdien het ons instelling tot meer as 31 000 studente, versprei oor sewe fakulteite op drie kampusse, gegroei.

Benewens die stigtingskampus, het die universiteit ook 'n Suid-kampus in Bloemfontein. Hierdie kleiner kampus bied alternatiewe toegang tot hoër onderwys vir belowende studente wat nie die vereiste punte in hulle eindeksamen op skool behaal het nie.

Ons lewendige Qwaqwa-kampus in die Oos-Vrystaat bedien 'n snelgroeiende aantal plattelandse studente uit die onmiddellike omgewing en die omliggende provinsies.

## TOELATING TOT GRAAD/DIPLOMASTUDIES

Die Universiteit van die Vrystaat is daar om jou vakkeuses in ooreenstemming te bring met jou drome, want jou toekoms is vir ons belangrik.

Daar is spesifieke toelatingsvereistes wat deur die Nasionale Departement van Hoër Onderwys vir toelating tot alle universiteite in Suid-Afrika gestel word. In die meeste gevalle geld 'n toelatingspunt (TP) van 30, maar daar is uitsonderings waar 'n hoër punt vereis word, of waar 'n laer punt aanvaarbaar is.

## WAT HET JY NODIG OM AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE VRYSTAAT (UV) TE STUDEER?

Met die oog op graadstudie verwag die UV verder dat jy:

- 'n Algehele toelatingspunt van 30 punte en 'n minimum prestasievlak van 4 (50%) in die UV-onderrigtaal van jou keuse het: en
- In sekere skoolvakke op 'n minimum prestasievlak moet presteer om 'n spesifieke universiteitsmodule te kan neem. Jy moet byvoorbeeld 60% vir Wiskunde in graad 12 behaal indien jy van voorneme is om Wiskunde as een van die modules in 'n BSc-studierigting te neem; en
- Vir sekere geselekteerde programme, benodig jy 'n hoër of laer TP as 30.

**#WENK 9**
**Weet wat die toelatingsvereistes en sluitingsdatums van die programme is waarin jy belangstel.**

# BEREKEN JOU TP VANAF GRAAD 10

### VUL JOU 6 VERPLIGTE VAKKE ONDERAAN IN, MET EINDRESULTATE (%), OM TP TE BEREKEN:

| VAK NAAM | % | UV TP |
|---|---|---|
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| | | |
| LEWENSORIENTERING (SLEGS AS DIT HOËR IS AS 60%) | | 1 |

**TOTALE TP (TOELATINGSPUNTE)**



| NSS PRESTASIEVLAK | | TOELATINGS-PUNT |
|---|---|---|
| 7 | 90% - 100% | 8 |
| 7 | 80% - 89% | 7 |
| 6 | 70% - 79% | 6 |
| 5 | 60% - 69% | 5 |
| 4 | 50% - 59% | 4 |
| 3 | 40% - 49% | 3 |
| 2 | 30% - 39% | 2 |
| 1 | 0% - 29% | - |

Om jou te help om jou TP uit te werk, sien die volgende voorbeeld:

| | |
|---|---|
| In vyf (5) akademiese vakke benodig jy 'n vlak van minstens 5 (60%) | 5 x 5 = 25 |
| In een (1) verdere akademiese vak benodig jy 'n vlak van minstens 4 (50%) | 1 x 4 = 4 |
| In die vak Lewensoriëntering, 'n vlak van 5 (60%) of hoër om 1 punt te verdien | 1 x 1 = 1 |
| Algehele UV-toelatingspunt (TP) | = 30 |

## BEROEPE GEKOPPEL AAN UV-PROGRAMME

'n Wye reeks voorgraadse programme en diplomas is beskikbaar in ons sewe uitnemende fakulteite. Hulle is:

EKONOMIESE & BESTUURSWETENSKAPPE | OPVOEDKUNDE | GESONDHEIDSWETENSKAPPE | GEESTESWETENSKAPPE | REGSGELEERDHEID | NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE | TEOLOGIE

## FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE

### AREA VAN KUNDIGHEID: PRIVAATSEKTORBESTUUR

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BCom<br>BCom met spesialisering in Ekonomie<br>BCom met spesialisering in Menslike Hulpbronbestuur<br>BCom met spesialisering in Bemarking<br>BCom met spesialisering in Entrepreneurskap<br>BCom met spesialisering in Beleggingsbestuur en Bankwese<br>BCom (Regte) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 4 (50%) | Bankwese, Finansiële Instellings, Ekonoom, Ekonomiese navorser, Regsadviseurs of prokureurs by finansiële instellings, Bemarking, Menslike Hulpbronbestuur, Arbeidsverhoudinge, Entrepreneurskap |

### AREA VAN KUNDIGHEID: OPENBARESEKTORBESTUUR

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BAdmin | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Munisipale bestuurder, Staatsamptenaar<br>Openbare Sektor. |

### AREA VAN KUNDIGHEID: REKENINGKUNDE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BRek | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%) | Kommersiële en Finansiële Rekenmeesters, Geoktrooieerde Rekenmeesters, Belastingdeskundiges, Finansiële Bestuurders |
| BCom (Rekeningkunde) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 4 (50%) | |

## FAKULTEIT OPVOEDKUNDE

### LET WEL: ALLE PROGRAMME IS ONDERHEWIG AAN KEURING

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| B-graad in Opvoedkunde in Grondslagfase-onderwys<br>B-graad in Opvoedkunde in Intermediêrefase-onderwys<br>B-graad in Opvoedkunde in Seniorfase- en VOO-onderwys | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Voorskoolse Opvoeder, Grondslagfase Opvoeder, Intermediêre-fase Opvoeder, Senior-fase Opvoeder, Tersiêre Dosent, Gemeenskapswerker, Instrukteur, Opleier, Opvoedkundige Ontleder, Tegnologiese Opvoedkunde, Opvoedkundige Bestuurder |

## FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

### LET WEL: ALLE PROGRAMME IS ONDERHEWIG AAN KEURING

### AREA VAN KUNDIGHEID: SKOOL VIR GENEESKUNDE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BMedSc (Stralingswetenskap)<br>MB ChB | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Mediese Dokter, Internis, Mediese Fisikus (bv Onkologie), Mediese Dokter vir Sportspanne<br>Werksomgewing: Hospitale, Klinieke, Privaat Praktyke, Opleidings- of Navorsingsinstansies, Mediese Navorsingsraad, Staatsdepartemente |

### AREA VAN KUNDIGHEID: SKOOL VIR AANVULLENDE GESONDHEIDSBEROEPE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| B in Optometrie | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Optometris<br>Werksomgewing: Hospitale, Klinieke, Privaat Praktyke, Opleidings- of Navorsingsinstansies, Mediese Navorsingsraad, Staatsdepartemente, Ouetehuise, Skole vir Kinders met Spesiale Behoeftes, Sportspanne |
| BSc in Fisioterapie | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Fisioterapeut<br>Werksomgewing: Hospitale, Klinieke, Privaat Praktyke, Opleidings- of Navorsingsinstansies, Mediese Navorsingsraad, Staatsdepartemente, Ouetehuise, Skole vir Kinders met Spesiale Behoeftes, Sportspanne |
| B in Arbeidsterapie | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%) en/of Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Arbeidsterapeut, Gemeenskapswerker<br>Werksomgewing: Hospitale, Klinieke, Skole, Privaat Praktyke, Plekke van Veiligheid |
| BSc in Dieetkunde | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%) en/of Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Dieetkundige, Voedselontleder, Voedsel- en Dranknavorser, Voedingskundige, Konsultant, Verkoopsverteenwoordiger vir Voedsel- en Drankmaatskappy, Gemeenskapsdieetkundige |
| B in Biokinetika | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%) en/of Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Biokinetikus, Menslike Bewegingspesialis<br>Werksomgewing: Sport, Rehabilitasie, Hospitale, Skole |

### AREA VAN KUNDIGHEID: SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BSocSc Verpleegkunde | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 3 (40%) of Wiskundige Geletterdheid vlak 6 (70%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) of Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Verpleegkundige, Alle aspekte van Gesondheidsorg<br>Werksomgewing: Hospitale, Klinieke, Privaat Praktyke, Opleidings- of Navorsingsinstansies, Psigiatriese Instansies, Staatsdepartemente |

## FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

### AREA VAN KUNDIGHEID: DRAMA, KUNSTE, MUSIEK

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Hoër Sertifikaat in Musiekuitvoering | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Musiekvaardigheid in gekose instrument of in sang gedurende oudisie | Gemeenskapsmusiek Projekte<br>Kan vorder om 'n Diploma in Musiek te verwerf. |
| Diploma in Musiek | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Musiekgeletterdheid Unisa Graad 3<br>Praktiese instrument Unisa Graad 4 | Solis, Uitvoerende Kunstenaar, Komponis, Musiekkopieerder, Musiekadviseur of -verwerker, Opname- en Klanktegnikus, Navorser, Musiekkritikus, Koormeester, Opvoedkundige Instansies |
| BMus<br>BA (Musiek) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Musiekgeletterdheid Unisa Graad 5 of ekwivalent<br>Praktiese instrument Unisa Graad 7 of ekwivalent | Solis, Uitvoerende Kunstenaar, Komponis, Musiekkopieerder, Musiekadviseur of -verwerker, Opname- en Klanktegnikus, Navorser, Musiekkritikus, Koormeester, Opvoedkundige Instansies |
| BA (Beeldende Kunste) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Portefeulje van kreatiewe werk of evalueringstoets | Professionele of Vryskut-kunstenaar, Grafiese ontwerper (advertensiewese), Kunshandelaar/Waardeerder, Kuns- en Kultuurbestuurder, Joernalis, Museumkurator, Gallerybestuurder, Kunsbewaarder, Opvoedkunde |
| BA (Drama- en Teaterkuns) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Drama-ervaring op skoolvlak 'n aanbeveling. | Professionele akteur, Regisseur, Ontwerper, Skrywer, Tegniese kundige, Drama- en Teaterleermeester |

### AREA VAN KUNDIGHEID: OPENBARE SEKTOR, BEMARKING, TALE EN MEDIA

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BA<br>BA (Regeerkunde en Politieke Transformasie)<br>BA (Taalpraktyk)<br>BA (Kommunikasiestudies)<br>BA (Geïntegreerde Besigheidskommunikasie)<br>BA (Joernalistiek) | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Staatsdiens, Politieke Ontleder, Vertaler, Tolk, Woordeboekskrywer, Taalbestuurder, Taaltegnoloog of -ingenieur, Kopieskrywer en Redakteur, Bemarker, Verkoopsverteenwoordiger, Reklamepraktisyn, Joernalis, Media-ontleder, Sportjoernalis, Biokinetikus, Sportbestuurder |
| B in Gemeenskapsontwikkeling | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Diploma in Beroepsvaardighede met ȟ minimum slaagsyfer van 65% in al die vakke<br>Onderhewig aan keuring | Gemeenskapsontwikkelingspesialis<br>Behuisings-, Infrastruktuur-, Sosiale, Opvoedkundige, Jeug- en Ekonomiese Ontwikkeling |

### AREA VAN KUNDIGHEID: SOSIALE WETENSKAPPE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BSocSci | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Sielkundige (Nagraadse studies ȟ vereiste), Gemeenskapsontwikkeling<br>Werksomgewings: Hospitale, Staatsdepartemente, Nie-regeringsinstansies, Sosiale en Maatskaplike Navorsing, Stedelike en Landelike Beplanning, Menslike Hulpbronbestuur |

| | | |
|---|---|---|
| B in Maatskaplike Werk | Onderrigtaal vlak 5 (60%)<br>Onderhewig aan keuring | Maatskaplike Werker, Gemeenskapsontwikkeling<br>Werksomgewings: Hospitale, Staatsdepartemente, Nie-regeringsinstansies, Sosiale en Maatskaplike Navorsing, Stedelike en Landelike Beplanning, Menslike Hulpbronbestuur |

## FAKULTEIT REGSGELEERDHEID

### AREA VAN KUNDIGHEID: REGTE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| LLB vier jaar | Onderrigtaal vlak 6 (70%)<br>Wiskunde vlak 4 (50%) of<br>Wiskundige Geletterdheid vlak 6 (70%) | Advokaat, Griffier van die Hooggeregshof, Meester van die Hooggeregshof, Akademiese regsloopbaan, Registrateur van die Hooggeregshof, Balju, Staatsprokureur, Staatsadvokaat en -aanklaer, Regsadviseur |

## FAKULTEIT NATUUR- EN LANDBOUWETENSKAPPE

### BSc-GRADE IN DIE VOLGENDE PROGRAMME:

### AREA VAN KUNDIGHEID: WISKUNDIGE WETENSKAPPE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Wiskundige Statistiek en<br>Klimaatwetenskappe<br>Ekonometrie<br>Beleggingswetenskappe<br>Psigometrie | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 5 (60%) tot vlak 7 (80%) afhangende van program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Statistiese Ontleder, Finansiële en Beleggingsontleder, Beleggingsbestuurder, Risikobestuurder, Finansiële Verslaggewer/Beplanner |
| Toegepaste Statistiek en<br>Rekeningkunde<br>Ekonomie<br>Sielkunde | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 5 (60%) tot vlak 7 (80%) afhangende van program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Ekonoom, Ekonometrikus, Statistikus, Navorsingsielkundige, Finansiële Ekonoom/Adviseur |
| Wiskunde en<br>Toegepaste Wiskunde<br>Chemie<br>Wiskundige Statistiek<br>Fisika<br>Finansies | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 5 (60%) tot vlak 7 (80%) afhangende van program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Wetenskaplike, Wiskundige Ontleder by Banke, Versekerings- en Beleggingsinstellings, Navorser |
| Aktuariële Wetenskappe | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 7 (80%) | Aktuaris, Aktuariële Assistent, Risiko-ontleder, Finansiële Verslaggewer, Finansiële bestuurder, Beleggingsbestuurder, Statistikus, Onderwys |

### AREA VAN KUNDIGHEID: FISIKA EN CHEMIE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Fisika en Chemie<br>Fisika en Astrofisika | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 5 (60%) tot vlak 7 (80%) afhangende | Vervaardigingsnywerhede, Navorsingslaboratoriums, WNNR/Sasol, Kernenergie, Telekommunikasie, |

| | | |
|---|---|---|
| Fisika en Landbouweerkunde | van die program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%)<br>Indien Biologiese vakke die tweede hoofvak is, word Lewenswetenskappe op vlak 5 (60%) vereis | Energieproduksie, Planetarium, Ruimtewetenskap, Meteorologiese toerusting, Atmosfeer- en weervoorspelling |
| Chemie gekombineer met een van die volgende biologiese vakke:<br>Biochemie<br>Plantkunde<br>Voedselwetenskappe<br>Mikrobiologie<br>Entomologie<br>Dierkunde | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 5 (60%) tot vlak 7 (80%) afhangende van die program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%)<br>Indien Biologiese vakke die tweede hoofvak is, word Lewenswetenskappe op vlak 5 (60%) vereis | Vervaardigingsnywerhede, Farmaseutiese maatskappye, Medies, Landbou, Bosbou, Omgewings-, afval- en besoedelingsbestuur, Marine-omgewing |
| Fisika met Ingenieursvakke | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 6 (70%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 7 (80%) | Ingenieursassistent, Terreinbestuurder |

## AREA VAN KUNDIGHEID: GEOGRAFIE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Geoïnformatika | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | GIS-spesialis, Geoïnformatika-praktisyn, Ruimtelike beplanner |
| Geografie en Statistiek | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) of Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | GIS-spesialis, GIS-beplanner, Geografiese data-ontleder, Ruimtelike beplanner |
| Geografie en Landbouweerkunde<br>Geografie en Omgewingswetenskappe | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%) | Geomorfoloog, Klimaatspesialis, Omgewingsinvloedpraktisyn, Landbouvoorligter |
| Omgewingsgeografie | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%) | Stads- en streeksbeplanner, Omgewingskonsultant, Bewaringswetenskaplike, Klimatoloog, GIS-ontleder, Bosbou, Nasionale Parkeraad, Mynbou |

## AREA VAN KUNDIGHEID: GEOLOGIE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Geologie Spesialisasie<br>Geochemie<br>Omgewingsgeologie<br>Geologie en Chemie<br>Geologie en Geografie<br>Geologie en Fisika | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 5 (60%) | Verkenningsgeologie, Myngeologie, Ingenieursgeologie, Ekonomiese geologie, Omgewingsgeologie, Navorsing en akademie |

LET WEL: ALLE PROGRAMME IS ONDERHEWIG AAN KEURING

## AREA VAN KUNDIGHEID: BIOLOGIESE WETENSKAPPE

| PROGRAM (LET OP DIE VERSKILLENDE KOMBINASIES VAN HOOF- EN TWEEDE VAKKE) | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Biochemie en Plantkunde<br>Biochemie en Entomologie<br>Biochemie en Voedselwetenskap<br>Biochemie en Genetika<br>Biochemie en Mikrobiologie<br>Biochemie en Fisiologie<br>Biochemie en Statistiek<br>Biochemie en Dierkunde<br>Plantkunde en Entomologie<br>Plantkunde en Genetika<br>Plantkunde en Mikrobiologie<br>Plantkunde en Dierkunde<br>Entomologie en Genetika<br>Entomologie en Mikrobiologie<br>Entomologie en Dierkunde<br>Gedragsgenetika<br>Genetika en Dierkunde<br>Genetika en Fisiologie<br>Genetika en Mikrobiologie<br>Mikrobiologie en Dierkunde<br>Mikrobiologie en Voedselwetenskap<br>Mensmolekulêre Biologie<br>Plantkunde en Planteteelt<br>Plantkunde en Plantpatologie<br>Omgewingsrehabilitasie<br>Plantgesondheidsekologie | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Genetika: Tegnici in Landbou-, Bosbou-, Saad-, en Plaagbeheer en Mediese Navorsingsinstellings, sowel as Forensiese Instellings (bv. Polisiediens)<br><br>Plantkunde: Loopbane in die Opvoedkundige, Landbou-, Omgewings- en Bio-tegnologiese Sektor as Botanis, Plantteler, Plantpatoloog, Navorser, Onderwyser, Omgewingskonsultant, Natuurbewaarder, Laboratorium- of Navorsingsassistent en Entrepreneur<br><br>Mikrobiese, Biochemiese en Voedselbiotegnologie: Loopbane in Landbou- en Omgewingsektor, Gesondheidsdienste en Voedsel- en ander Biotegnologie-verwante Nywerhede of as 'n Entrepreneur<br><br>Dierkunde en Entomologie: Laboratorium- of Navorsingsassistent, Onderwyser, Omgewingskonsultant, Natuurbewaarder in Omgewings-, Landbou-, Onderwys- en Mediese Instansies |
| Forensiese Wetenskap | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Kumulatiewe TP van 17 en hoër vir Wiskunde, Lewenswetenskappe en Fisiese Wetenskappe<br>Geen persoon met ŉ kriminele rekord sal tot hierdie program toegelaat word nie | Forensiese Wetenskaplike, Genetikus, Forensiese Entomoloog, Ballistiese Deskundige, Toksikoloog, Brandstigtingsontleder, Forensiese geoloog, Forensiese rekenaar- of Digitale Ontleder, Dokumentontleder (dokument-bedrog bv. Versekeringsbedryf) |

## AREA VAN KUNDIGHEID: REKENAARWETENSKAP EN INFORMATIKA

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| Rekenaarwetenskap met Chemie<br>Rekenaarwetenskap met Wiskundige Statistiek<br>Rekenaarwetenskap met Wiskunde<br>Rekenaarwetenskap met Fisika<br>Rekenaarwetenskap vir Besigheid en Bestuur | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vanaf vlak 4 (50%) tot vlak 7 (80%) afhangende van program van keuse<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) indien Chemie of Fisika die tweede hoofvak is | IT-tegnikus, IT-databestuurder, Programontwikkelaar, IT-infrastruktuurdeskundige, Toep-ontwerper en -ontwikkelaar, IT-veiligheidsdeskundige, Digitale Platformontleder/bestuurder, IT-projekbestuurder, IT-besigheidsontleder |
| Rekenaarinligtingstelsels | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 4 (50%) | IT-tegnikus, IT-databestuurder, Programontwikkelaar, IT-infrastruktuurdeskundige, Toep-ontwerper en |

-ontwikkelaar, IT-veiligheidsdeskundige, Digitale Platformontleder/bestuurder, IT-projekbestuurder, IT-besigheidsontleder

## AREA VAN KUNDIGHEID: VERBRUIKERSWETENSKAP

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| B ConsSc Algemeen<br>B ConsSc Voedsel | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Verbruikerswetenskaplike, Konsultant, Ontwerper, Aankoper, Bemarker, Gehaltekontroleur, Produkontwikkelaar, Navorser in die Voedselbedryf |
| BSc (Verbruikerswetenskappe) Voedsel | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%).<br>Lewenswetenskappe vlak 5 (60%)<br>Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Verbruikerswetenskaplike, Konsultant, Ontwerper, Aankoper, Bemarker, Gehaltekontroleur, Produkontwikkelaar, Navorser in die Voedselbedryf |

## LET WEL: ALLE PROGRAMME IS ONDERHEWIG AAN KEURING
## AREA VAN KUNDIGHEID: BOUWETENSKAPPE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BArch (Argitektuur) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 4 (50%) | Argitek, Tekenaar, Argitekstegnoloog, Argitekassistent, Stads- en streekbeplanner, Landskapsargitek, Interieur-ontwerper |
| BSc (Konstruksiebestuur)<br>BSc (Bourekenkunde) | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%).<br>Een van die volgende op vlak 4 (50%): Fisiese Wetenskap, Ekonomie, Besigheidstudies of Rekeningkunde | Konstruksiebesigheidsbestuurder, Ontwikkelaar van Eiendom, Bedryfsbestuurder, Boubestuurder, Koste-projekbestuurder, Bourekenkundige |

## AREA VAN KUNDIGHEID: LANDBOUWETENSKAPPE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
|---|---|---|
| BAgric-grade in die volgende programme:<br>Besproeiingsbestuur<br>Diereproduksiebestuur<br>Gemengde boerderybestuur<br>Gewasproduksiebestuur<br>Natuurlewebestuur<br>Landbou-ekonomie<br>Landboubestuur | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 3 (40%) of Wiskundige Geletterdheid op minstens vlak 7 (80%) indien die TP 32 of meer is | Landbouadviseur, Voorligtings- en Opleidingsbeampte. Bestuursposte in 'n wye reeks Agri-besighede en Landbou-ondernemings. Verteenwoordigers in Agro-chemiese Maatskappye (farmaseuties, kunsmis, plaagdoders) en Dierevoedingsmaatskappye, Ekonomiese Ontleder, Finansiële/Kredietadviseur, Regerings- of Privaatsektorekonoom, Beleidsontleder of -adviseur, Hulpbronbestuurder, Ekonomiese Konsultant, Produksie-ekonoom, Statistikus, Kommoditeitehandelaar, Ekonomiese Navorser, Landboubemarker |
| BSc Landbou-Ekonomie | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe of Landbouwetenskappe vlak 5 (60%) of vlak 4 (50%) vir Fisiese Wetenskappe | Landbouadviseur, Voorligtings- en Opleidingsbeampte. Bestuursposte in 'n wye reeks Agri-besighede en Landbou-ondernemings. Verteenwoordigers in Agro-chemiese Maatskappye (Farmaseuties, Kunsmis, Plaagdoders) en Dierevoedingsmaatskappye, Ekonomiese Ontleder, Finansiële/Kredietadviseur, Regerings- of Privaatsektorekonoom, Beleidsontleder of -adviseur, Hulpbronbestuurder, Ekonomiese Konsultant, Produksie-ekonoom, Statistikus, Kommoditeitehandelaar, Ekonomiese navorser, Landboubemarker |

| PROGRAM (LET OP DIE VERSKILLENDE KOMBINASIES VAN HOOF- EN TWEEDE VAKKE) | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
| --- | --- | --- |
| BScAgric-grade in die volgende programme:<br>Agronomie en Entomologie<br>Agronomie en Grondkunde<br>Agronomie en Landbou-ekonomie<br>Agronomie en Landbouweerkunde<br>Agronomie en Planteteelt<br>Agronomie en Plantpatologie<br>Agronomie en Veekunde<br>Agronomie en Voedselwetenskappe<br>Grondkunde en Agronomie<br>Grondkunde en Landbou-ingenieurswetenskappe<br>Grondkunde en Landbou-ekonomie<br>Grondkunde en Landbouweerkunde<br>Grondkunde en Plantpatologie<br>Grondkunde en Weidingkunde<br>Landbouweerkunde en Agronomie<br>Landbouweerkunde en Grondkunde<br>Landbouweerkunde en Landbou-ingenieurswese<br>Landbouweerkunde en Landbou-ekonomie<br>Landbouweerkunde en Plantpatologie<br>Landbouweerkunde en Weidingkunde<br>Planteteelt en Agronomie<br>Planteteelt en Plantpatologie<br>Planteteelt en Weidingkunde<br>Plantpatologie en Agronomie<br>Plantpatologie en Planteteelt<br>Veekunde en Landbou-ekonomie<br>Veekunde en Weidingkunde<br>Voedselwetenskap en Agronomie<br>Voedselwetenskap en Biochemie<br>Voedselwetenskap en Chemie<br>Voedselwetenskap en Mikrobiologie<br>Voedselwetenskap en Veekunde<br>Weidingkunde en Grondkunde<br>Weidingkunde en Veekunde | Onderrigtaal vlak 4 (50%)<br>Wiskunde vlak 5 (60%)<br>Lewenswetenskappe of Landbouwetenskappe vlak 5 (60%) of Fisiese Wetenskappe vlak 4 (50%) | Vee-, Wild- en Weidingkunde: Diereteler, Dierefisioloog, Dierevoedingkundige, Weidingkundige, Landbouadviseur, Privaat Konsultant, Boer, Akademikus, Onderwyser, Voorligtingsbeampte en Navorser<br><br>Grond-, Gewas- en Klimaatwetenskappe: Agronoom, Grondkundige, Hortoloog, Landbouweerkundige, Navorser, Landbouadviseur en Konsultant<br><br>Plantkunde: Plantpatoloog of Planteteler by Privaat of Openbare Instansies betrokke by Gewasnavorsing en -ontwikkeling in die Landbou-, Hortologie- en Bosboubedryf<br><br>Landbou-ekonomie: Agri-besigheid, Bemarking, Bankwese, Versekering, Besproeiingsbestuur, Koöperatiewe Bestuur, Plaasbestuur, Menslike Hulpbronbestuur, Navorsing en Ontwikkeling, Landbou-adviseur, Private Konsultant, Boer, Akademikus, Voorligtingsbeampte en Navorser |

## FAKULTEIT TEOLOGIE

### AREA VAN KUNDIGHEID: TEOLOGIE

| PROGRAM | VERPLIGTE SKOOLVAKKE | BEROEPSGELEENTHEDE / WERKSOMGEWING |
| --- | --- | --- |
| Hoër Sertifikaat in Teologie<br>B in Teologie | Onderrigtaal vlak 4 (50%) | Leraar/Predikant of Pastoor in 'n Gemeente, Sendeling of Evangelis (Nasionaal of Internasionaal), Kapelaan in die SAPD, SANW of Korrektiewe Dienste, Jeugwerker, Projekleier in Gemeenskapsontwikkling, Joernalis of Omroeper in Godsdienssake, Navorser, Lewenstylafrigter, Pastorale Berader, Bybelvertaler |

# BELANGRIKE KONTAKNOMMERS

| | |
|---|---|
| Ekonomiese en Bestuurswetenskappe – Lizette Pretorius: | 051 401 2173 |
| Opvoedkunde – Charmell Cardoso: | 051 401 9264 |
| Gesondheidswetenskappe – Sandra Gouws: | 051 405 3643 |
| Geesteswetenskappe – Marica Coetsee: | 051 401 2369 |
| Natuur- en Landbouwetenskappe – Lee-Ann Frazenburg: | 051 401 3199 |
| Regsgeleerdheid – Adri Kotze: | 051 401 2735 |
| Teologie – Marlene Oosthuizen: | 051 401 2617 |

## AANSOEKE

| | |
|---|---|
| Voorgraadse Aansoeke | 051 401 9864 |

## SENTRUM VIR OPVOEDKUNDE EN LEER

| | |
|---|---|
| Gugu Wendy Khanye | 051 401 3798 |

## DEPARTMENT – BEMARKING & STUDENTEWERWING

| | |
|---|---|
| Direkteur: Nomonde Mbadi | 051 401 7870 |



## BEMARKERS

| | |
|---|---|
| Chantel Bester: | 076 021 4570 |
| Cindy Hack (KZN): | 078 019 9236 |
| Louis Lucas: | 078 802 5176 |
| Lauren Marais: | 076 021 4572 |
| Qaqamba Mhlauli (Gauteng): | 081 015 6595 |
| Tshidiso Masakala: | 060 583 4592 |
| Vusi Mkhwanazi: | 083 625 4687 |
| Thato Phakoe: | 083 635 2458 |
| Rynhardt Smidt: | 060 993 5820 |
| Pieter van Jaarsveld: | 083 632 2121 |
| Nic van Wyk: | 082 808 1034 |

#BELANGRIKEKONTAK

## EENHEID VIR VOORNEMENDE STUDENTE

| | |
|---|---|
| Marieta Landman: | 051 401 3000 |

## INTERNASIONALE KANTOOR

| | |
|---|---|
| Algemene Navrae – Amo Nkoko: | 051 401 7339 |
| Immigrasie, Akkreditasie, Mediese Fonds & Finansies – Jeanne Niemann: | 051 401 3219 |

*ontwerp deur heleen van vuuren | helvw@gmail.com*

**VOLG ONS OP WWW.FACEBOOK.COM/KOVSIES2B VIR DIE NUUTSE KOVSIE NUUS EN 'N VOORSMAKIE VAN STUDENTE-LEWE**

*Hierdie publikasie is saamgestel deur die Departement Bemarking en Studentewerwing aan die Universiteit van die Vrystaat.*